Jy kan die **Pensioenfonds Ombudsman** kontak op **021-674-0209** of **enquiries@pfa.org.za** as jy enige vrae het oor jou pensioenfonds.

As jy 'n staatswerknemer is, kan jy die **Staatswerknemer Pensioenfonds** by **08600-117-669** kontak. Of stuur 'n e-pos na **enquiries@gepf.co.za**.

As jy enige probleme ervaar met die uitbetaling van jou pensioen of voorsorgfonds, kan jy die **Black Sash Hulplyn** kontak vir gratis regshulp en raad op **072-663-3739**.

072-66 33 739
help@blacksash.org.za

Of stuur 'n e-pos met jou vrae aan **help@blacksash.org.za**.

Pensioen fonds

#knowyourrights

Jy behoort slegs aan 'n pensioenfonds as jy bydraes tot een gemaak het terwyl jy gewerk het. Pensioenfondse voorsien aan jou 'n inkomste wanneer jy aftree, of aan jou afhanklikes as jy sterf.
Onthou dat pensioenfondse nie almal dieselfde is nie, so maak seker om die reels van jou eie fonds goed na te gaan.

Daar is twee tiepes pensioenfondse:

1. Aftreefonds

• Betaal gewoonlik 'n derde van jou voordele as enkelbedrag uit wanneer jy aftree (dit sal belas word);
• Die res word maandeliks in kleiner bedrae uitbetaal tot jy sterf;
• Jy kan nie jou pensioenfonds kry voor jy aftree nie.

2. Voorsorgfonds

• Betaal al jou voordele in een bedrag uit wanneer jy aftree ('n Deel van die bedrag sal belas word afhangend van die waarde van jou voorsorgfonds);
• Dit is moontlik om jou voorsorgfonds te kry voor jy aftree.

Daar is twee baie belangrike aspekte om te onthou van jou pensioen of aftreefonds:

1. Dit is jou geld en behoort nie aan jou voormalige werkgewers of die regering nie.

2. As 'n lid van 'n pensioen of voorsorgfonds, het jy die reg tot gereelde inligting oor jou fonds, insluitend jou regte, pligte en voordele.

Wat moet jy doen as jy sukkel om jou pensioen of voorsorgfonds te kry?

• Sipho het vir vier jaar as sekuriteitswag by Xmen Sekuriteit gewerk, maar hy het nou sy werk verlaat en wil van sy voorsorgfonds eis.
• Hy kan na die maatskappy se menslike hulpbronne afdeling toe gaan waar hy 'n vorm moet kry om in te vul. Maar die departement weier om vir hom die vorm te gee of om enige hulp te voorsien.
• Dus gaan Sipho na 'n plek soos 'n biblioteek of internetkafee, waar hy toegang tot die internet kry en aanlyn gaan en 'n vorm aflaai. Hy voltooi die vorm en neem dit na die kantoor van die Sekuriteitsvoorsorgfonds.
• Hy kan ook die vorm van faks of e-pos stuur. Hy moet ook gesertifiseerde afskrifte van sy identiteitsdokument en drie maande se bankstate saam neem. Sipho moet afskrifte hou van al die dokumente wat hy indien en seker maak dat hy 'n verwysingsnommer kry.
• Drie maande later het Sipho steeds nie sy geld ontvang nie.
• Hy het gereeld opgevolg om uit te vind wat gebeur en word uiteindelik vertel dat hulle nie al die dokumente het nie.
• Hy se vir hulle dat hy al die benodigde dokumente ingehandig het, maar se ook dat hy nog 'n stel dokumente sal stuur.
• Hy volg weer op en word meegedeel dat hulle sy bankstate verloor het. 'n Frustreerde Sipho stuur 'n derde stel dokumente.
• Uiteindelik is Sipho moeg van wag en besluit hy om die Black Sash Hulplyn te kontak vir advies.
• Hulle help hom om 'n klag by die Pensioenfonds Ombudsman in te dien. Hy vul die korrekte vorms in, stuur dit in en wag dat 'n besluit geneem word.
• Twee maande later is Sipho se voorsorgfonds uiteindelik ten volle uitbetaal.